

E-Nuus / E-News 34/2017

15/11/2017

Merkers Memo

Die SAOU het reeds hul misnoë uitgespreek teenoor die Department deurdat die suksesvolle merkers nog nie in kennis gestel is nie. Die eksamen Assistentie is reeds per SMS verwittig. *Sodra die merkerslyste beskikbaar is sal ons lede in kennis stel.*

Die meeste merksentrums begin reeds op 28 November 2017 en oudergewoonte enkele merksentrums wat op 30 November 2017 begin.

- ♣ [Klik hier](#) vir die lys van merksentrums.

Dit wil voorkom asof die sisteme reeds in plek is vir die betaling van merkers. Die Departement sal weereens poog om al die merkers binne 30 dae na dienslewering te vergoed. Die laaste lopie is op 20 Desember 2017 waarvan die betaaldatum 28 Desember 2017 sal wees.

Dames moet maar weer 'n afskrif bring van hul huweliksertifikaat of skeibrief om u huidige status te bevestig. Onthou u diplomas / graad is uitgereik in u nooiensvan. Beheerliggaam onderwysers moet hul registrasie – bewys van SARS ook saamneem. Bank besonderhede sal ook bevestig moet word vir hierdie onderwysers.

Die departement vereis ID dokumente en ***Bestuurderlisensies word nie aanvaar*** as identifikasie nie. Die vraestel asook 'n uitgewerkte memorandum moet ook ingehandig word waar u naam op verskyn.

Op die dag van registrasie dui aan indien u enige dieët vereistes het.

Aan die einde van die merk sessie kan u moontlik die volgende doen:

- Dit sal goed wees as u 'n foto met die selfoon neem van die finale eis en ook 'n naby foto van die eis nommer aan die bokant van die eisvorm. U kan dit alternatiewelik iewers neerskryf. Dit help met navrae indien u betaling nie plaasvind nie.
- Onthou dat die eisbedrag nie aan u betaal word nie aangesien SARS nog belasting van die bedrag verhaal.

Markers Memo

The SAOU has already voiced their grievance against the department because of the fact that the successful markers have not yet been notified. The Exam Assistants have already been notified by SMS. *Once the markers lists are available we will inform our members.*

Most marking centres will start on 28 November 2017 and only single marking centres will begin on 30 November 2017.

- ♣ [Click here](#) for the marking centres list.

It would appear that the systems are already in place for the payment of markers. The Department will once again try to pay all markers within 30 days after the marking has started. The last run is on 20 December 2017 and the payment will reflect in your bank account on 28 December 2017.

Ladies should bring a copy of their marriage certificate or divorce letter to confirm their current status. Remember your diplomas were issued in your maiden name. School Governing Body teachers should bring their proof that they are registered at SARS. Bank details will also have to be confirmed for SGB teachers.

They must have ID documentation, ***Drivers Licences will not be accepted*** as identification. The paper and a memorandum should also be handed in and your name must appear on both.

On the day of registration indicate if you have any special dietary requirements.

At the end of the marking you can possible do the following:

- Take a photo of your final claim and also a close-up photo of the claim number on the top of your claim form. You can alternatively write it down somewhere. It will help with enquiries if your payment does not take place.
- Remember that the claim amount is not the amount that will be paid to you as SARS still need to tax the amount.

ENKELE RIGLYNE

Aansoekers moet:

- Vak aangebied het gedurende 2014-2016
- 'n 50 % slaagsyfer in vak vir Gr. 12 afgelope 3 jaar
- Permanent aangestel wees of kan ook n Beheerliggaam pos wees.
- 'n Erkende 3 Jarige toepaslike kwalifikasie
- 'n Vakverklaring/uitslag van die vakke geslaag in die kwalifikasie.

Indien die vak nie op 2de jaarsvlak geneem was nie of glad nie geneem was nie: (Vereiste om beide te doen)

- Skoolhoof 'n aanbevelingsbrief /verklaring dat leerkrag wel die vak aanbied en bevestig wat die leerders se prestasie in die vak was.
- Vakadviseur 'n aanbevelingsbrief /verklaring dat leerkrag wel die vak aanbied.

Aansoekvorm:

- Volledig ingevul en onderteken word.
- Gewaarmerkte afskrifte met datumstempel nie ouer as 3 maande nie, van:
- Huweliksertifikaat vir dames - u sertifikate het n ander van as u huidige van.
- ID dokument en SACE sertifikaat
- Alle kwalifikasies en ook **MATRIEKsertifikaat**
- Onthou daar moet nou **2 twee Id fotos** aangeheg wees.
- Slegs 1 aansoek per vak hetsy vraestel 1 of 2 of beide voordat u aansoek doen.
- Skoolhoof moet aansoek onderteken. 'n Skoolstempel moet op die aansoek wees.

AL DIE AFSKRIFTE NOMMER U DUIDELIK BO-AAN Bv. 1 van 12, 2 van 12, 3 van 12 ens.

- Sal voorkom dat daar wederegtelik bladsye verwyder word.

Die afskrif van die personeelvergadering met presensielys waar die aansoek om te merk bespreek was, Moet aangeheg word aan ELKE aansoek.

Dit is raadsaam vir BHL onderwysers om korrespondensie aan te heg om hul aanstelling by skool te bevestig met tydperke onderrig gegee asook SARS korrespondensie waar SARS nommer en Naam op verskyn.

- *Beheerliggaam lede word versoek om nie 'n PERSAL nommer op die aansoek te gebruik nie.*

GUIDELINES FOR MARKERS

Applicants must have:

- Taught the subject during 2014-2016
- Obtained a 50% pass rate in the subject in grade 12 for the past 3 years
- Been permanently appointed or serve in a Governing Body post
- A recognised, applicable 3-year qualification
- A declaration/result of the subjects passed in that qualification

If the subject was not offered on 2nd year level or not at all, then both of the following are requirements:

- The Principal must submit a letter of recommendation or declaration which confirms that the educator teaches the subject and what the learners' results were;
- The Subject Advisor must submit a letter of recommendation or declaration that the educator teaches the subject.

Application form

- Completed in full and signed
- Certified copies not older than 3 months
- Marriage certificate for ladies as their other certificates often have a different surname to the present one
- ID document and SACE certificate
- All qualifications as well as **matric certificate**
- Remember to attach **2 (two) ID photos**
- Only 1 (one) application per subject, whether paper 1 or 2 or both
- Principal must sign the application which must have the school stamp on it

ALL THE COPIES MUST BE NUMBERED CLEARLY eg 1 of 12, 2 of 12, 3 of 12, etc.

- This is to ensure that pages are not illegally removed.

A copy of the staff meeting where the applications for marking were discussed, with the attendance register attached **MUST** be attached to each application.

It is recommended that SGB applicants attach correspondence to confirm their appointment and period of teaching at their school, together with SARS correspondence where their name and SARS number appears.

- *SGB members are requested not to use any PERSAL numbers on the application forms.*